(2) Die spesiale belasting wat hierby gehef word, is betaalbaar met ingang van die jaar 1968 en is verskuldig en betaalbaar op die datum van afkondiging hiervan ten opsigte van die jaar 1968 en op die eerste dag van Januarie van elke daaropvolgende jaar waarin dit van krag is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Een-en-twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

J. F. NAUDÉ,
Waarnemende Staatspresident.

Op las van die Waarnemende Staatspresident-in-rade.
M. C. BOTHA.

Lêer No. F53/1080/12.

No. 49, 1968.]

HEFFING VAN 'N SPESIALE BELASTING VAN DIE GUTSHWASTAM ONDER KAPTEIN GEORGE KHUMALO IN DIE GEBIED BOSBOKRAND, DISTRIK WITRIVIER.

Nademaal die Gutshwastam onder kaptein George Khumalo in die gebied Bosbokrand, distrik Witrivier, vrywillig aansoek gedoen het om die heffing van 'n spesiale belasting ten einde fondse in te samel vir die oprigting van skole en klinieke, die bou van damme, die verbetering van watervoorrade en stamowerheidsadministrasiedoeleindes;

En nademaal die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling—

(*a*) daarvan oortuig is dat die meerderheid van die belastingbetalers van genoemde stam sodanige heffing verlang; en

(*b*) die doel waarvoor dit opgelê moet word, goedkeur;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 15 (1) van die Bantoe Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925 (Wet No. 41 van 1925), hierby soos volg verklaar:—

(1) 'n Spesiale belasting van R1 per jaar vir die jare 1968 tot en met 1972 word hierby gehef van elke lid van genoemde stam wat 'n belastingbetaler is.

(2) Die spesiale belasting wat hierby gehef word, is betaalbaar met ingang van die jaar 1968 en is verskuldig en betaalbaar op die datum van afkondiging hiervan ten opsigte van die jaar 1968 en op die eerste dag van Januarie van elke daaropvolgende jaar waarin dit van krag is.

And whereas the Minister of Bantu Administration and Development—

(*a*) is satisfied that the majority of the taxpayers of the said tribe desires such a levy; and

(*b*) approves the purpose for which it is to be imposed;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section 15 (1) of the Bantu Taxation and Development Act, 1925 (Act No. 41 of 1925), I do hereby declare as follows:—

(1) A special rate of R1 per annum for the years 1968 to 1972, inclusive, is hereby levied on every member of the said tribe who is a taxpayer.

(2) The special rate hereby levied shall be payable with effect from the year 1968 and shall become due and payable on the date of publication hereof in respect of the year 1968 and on the first day of January of each succeeding year during which it is in operation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Twenty-first day of February, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. F. NAUDÉ,
Acting State President.

By Order of the Acting State President-in-Council.
M. C. BOTHA.

File No. F53/1080/12.

No. 49, 1968.]

LEVY OF A SPECIAL RATE ON THE GUTSHWA TRIBE UNDER CHIEF GEORGE KHUMALO IN THE BOSBOKRAND AREA, DISTRICT OF WHITE RIVER.

Whereas the Gutshwa Tribe under Chief George Khumalo in the Bosbokrand area, District of White River, has voluntarily made application for the levy of a special rate for the purpose of collecting funds for the erection of schools and clinics, the building of dams, the improvement of water supplies and tribal authority administration purposes;

And whereas the Minister of Bantu Administration and Development—

(*a*) is satisfied that the majority of the taxpayers of the said tribe desires such a levy; and

(*b*) approves the purpose for which it is to be imposed;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section 15 (1) of the Bantu Taxation and Development Act, 1925 (Act No. 41 of 1925), I do hereby declare as follows:—

(1) A special rate of R1 per annum for the years 1968 to 1972, inclusive, is hereby levied on every member of the said tribe who is a taxpayer.

(2) The special rate hereby levied shall be payable with effect from the year 1968 and shall become due and payable on the date of publication hereof in respect of the year 1968 and on the first day of January of each succeeding year during which it is in operation.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Een-en-twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

J. F. NAUDÉ,
Waarnemende Staatspresident.

Op las van die Waarnemende Staatspresident-in-rade.

M. C. BOTHA.

Lêer No. F53/1080/13.

No. 50, 1968.]

HEFFING VAN 'N SPESIALE BELASTING VAN DIE MASOYISTAM ONDER WAARNEMENDE KAPTEIN SMILE MTANDAZO NGWENYA IN DIE GEBIED BOSBOKRAND, DISTRIK WITRIVIER.

Nademaal die Masoyistam onder waarnemende kaptein Smile Mtandazo Ngwenya in die gebied Bosbokrand, distrik Witrivier, vrywillig aansoek gedoen het om die heffing van 'n spesiale belasting ten einde fondse in te samel vir die oprigting en onderhoud van skole en vir die bestuur en beheer van die sake van die stam;

En nademaal die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling—

(*a*) daarvan oortuig is dat die meerderheid van die belastingbetalers van genoemde stam sodanige heffing verlang; en

(*b*) die doel waarvoor dit opgelê moet word, goedkeur;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 15 (1) van die Bantoe Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925 (Wet No. 41 van 1925), hierby soos volg verklaar:—

(1) 'n Spesiale belasting van R2 per jaar vir die jare 1968 tot en met 1969 word hierby gehef van elke lid van genoemde stam wat 'n belastingbetaler is.

(2) Die spesiale belasting wat hierby gehef word, is betaalbaar met ingang van die jaar 1968 en is verskuldig en betaalbaar op die datum van afkondiging hiervan ten opsigte van die jaar 1968 en op die eerste dag van Januarie van elke daaropvolgende jaar waarin dit van krag is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Een-en-twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

J. F. NAUDÉ,
Waarnemende Staatspresident.

Op las van die Waarnemende Staatspresident-in-rade.

M. C. BOTHA.

Lêer No. F53/1080/14.

No. 51, 1968.]

HEFFING VAN 'N SPESIALE BELASTING VAN DIE MBUYANESTAM ONDER WAARNEMENDE KAPTEIN ANDRIES ZANKOSI MBUYANE IN DIE GEBIED BOSBOKRAND, DISTRIK WITRIVIER.

Nademaal die Mbuyanestam onder waarnemende kaptein Andries Zankosi Mbuyane in die gebied Bosbokrand, distrik Witrivier, vrywillig aansoek gedoen het om die heffing van 'n spesiale belasting ten einde fondse in te samel vir die oprigting van skole en klinieke, die bou van damme, die verbetering van watervoorrade en stamowerheid-administrasiedoeleindes;

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Twenty-first day of February, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. F. NAUDÉ,
Acting State President.

By Order of the Acting State President-in-Council.

M. C. BOTHA.

File No. F53/1080/13

No. 50, 1968.]

LEVY OF A SPECIAL RATE ON THE MASOYI TRIBE UNDER ACTING CHIEF SMILE MTANDAZO NGWENYA IN THE BOSBOKRAND AREA, WHITE RIVER DISTRICT.

Whereas the Masoyi Tribe under Acting Chief Smile Mtandazo Ngwenya in the Bosbokrand area, White River District, has voluntarily made application for the levy of a special rate for the purpose of collecting funds for the erection and maintenance of schools and for the management and control of the affairs of the tribe;

And whereas the Minister of Bantu Administration and Development—

(*a*) is satisfied that the majority of the taxpayers of the said tribe desires such a levy; and

(*b*) approves the purpose for which it is to be imposed;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section 15 (1) of the Bantu Taxation and Development Act, 1925 (Act No. 41 of 1925), I do hereby declare as follows:—

(1) A special rate of R2 per annum for the years 1968 to 1969, inclusive, is hereby levied on every member of the said tribe who is a taxpayer.

(2) The special rate hereby levied shall be payable with effect from the year 1968 and shall become due and payable on the date of publication hereof in respect of the year 1968 and on the first day of January of each succeeding year during which it is in operation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Twenty-first day of February, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. F. NAUDÉ,
Acting State President.

By Order of the Acting State President-in-Council.

M. C. BOTHA.

File No. F53/1080/14.

No. 51, 1968.]

LEVY OF A SPECIAL RATE ON THE MBUYANE TRIBE UNDER ACTING CHIEF ANDRIES ZANKOSI MBUYANE IN THE BOSBOKRAND AREA, WHITE RIVER DISTRICT.

Whereas the Mbuyane Tribe under Acting Chief Andries Zankosi Mbuyane in the Bosbokrand area, White River District, has voluntarily made application for the levy of a special rate for the purpose of collecting funds for the erection of schools and clinics, the building of dams, the improvement of water supplies and tribal authority administration purposes;

En nademaal die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling—

(*a*) daarvan oortuig is dat die meerderheid van die belastingbetalers van genoemde stam sodanige heffing verlang; en

(*b*) die doel waarvoor dit opgelê moet word, goedkeur;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 15 (1) van die Bantoe Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925 (Wet No. 41 van 1925), hierby soos volg verklaar:—

(1) 'n Spesiale belasting van R1 per jaar vir die jare 1968 tot en met 1972 word hierby gehef van elke lid van genoemde stam wat 'n belastingbetaler is.

(2) Die spesiale belasting wat hierby gehef word, is betaalbaar met ingang van die jaar 1968 en is verskuldig en betaalbaar op die datum van afkondiging hiervan ten opsigte van die jaar 1968 en op die eerste dag van Januarie van elke daaropvolgende jaar waarin dit van krag is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Een-en-twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

J. F. NAUDÉ,
Waarnemende Staatspresident.

Op las van die Waarnemende Staatspresident-in-rade.

M. C. BOTHA.

Lêer No. F53/1080/15.

No. 52, 1968.]

HEFFING VAN 'N SPESIALE BELASTING VAN DIE MASHABANESTAM ONDER KAPTEIN ZIKHUNGO GUMEDE IN DIE DISTRIK UBOMBO.

Nademaal die Mashabanestam onder kaptein Zikhungo Gumede in die distrik Ubombo vrywillig aansoek gedoen het om die heffing van 'n spesiale belasting ten einde fondse in te samel vir watervoorsiening, onderwysdoeleindes, die oprigting en onderhoud van stamgeboue en vir die bestuur en beheer van die sake van die stam;

En nademaal die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling—

(*a*) daarvan oortuig is dat die meerderheid van die belastingbetalers van genoemde stam sodanige heffing verlang; en

(*b*) die doel waarvoor dit opgelê moet word, goedkeur;

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 15 (1) van die Bantoe Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925 (Wet No. 41 van 1925), hierby soos volg verklaar:—

(1) 'n Spesiale belasting van R1 per jaar vir die jare 1968 tot en met 1972 word hierby gehef van elke lid van genoemde stam wat 'n belastingbetaler is.

(2) Die spesiale belasting wat hierby gehef word, is betaalbaar met ingang van die jaar 1968 en is verskuldig en betaalbaar op die datum van afkondiging hiervan ten opsigte van die jaar 1968 en op die eerste dag van Januarie van elke daaropvolgende jaar waarin dit van krag is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Een-en-twintigste dag van Februarie Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

J. F. NAUDÉ,
Waarnemende Staatspresident.

Op las van die Waarnemende Staatspresident-in-rade.

M. C. BOTHA.

Lêer No. F53/1688/9.

And whereas the Minister of Bantu Administration and Development—

(*a*) is satisfied that the majority of the taxpayers of the said tribe desires such a levy; and

(*b*) approves the purpose for which it is to be imposed;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section 15 (1) of the Bantu Taxation and Development Act, 1925 (Act No. 41 of 1925), I do hereby declare as follows:—

(1) A special rate of R1 per annum for the years 1968 to 1972, inclusive, is hereby levied on every member of the said tribe who is a taxpayer.

(2) The special rate hereby levied shall be payable with effect from the year 1968 and shall become due and payable on the date of publication hereof in respect of the year 1968 and on the first day of January of each succeeding year during which it is in operation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Twenty-first day of February, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. F. NAUDÉ,
Acting State President.

By Order of the Acting State President-in-Coundil.

M. C. BOTHA.

File F53/1080/15.

No. 52, 1968.]

LEVY OF A SPECIAL RATE ON THE MASHABANE TRIBE UNDER CHIEF ZIKHUNGO GUMEDE IN THE UBOMBO DISTRICT.

Whereas the Mashabane Tribe under Chief Zikhungo Gumede in the Ubombo District, has voluntarily made application for the levy of a special rate for the purpose of collecting funds for water supplies, educational purposes, the erection and maintenance of tribal buildings and for the management and control of the affairs of the tribe;

And whereas the Minister of Bantu Administration and Development—

(*a*) is satisfied that the majority of the taxpayers of the said tribe desires such a levy; and

(*b*) approves the purpose for which it is to be imposed;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section 15 (1) of the Bantu Taxation and Development Act, 1925 (Act No. 41 of 1925), I do hereby declare as follows:—

(1) A special rate of R1 per annum for the years 1968 to 1972, inclusive, is hereby levied on every member of the said tribe who is a taxpayer.

(2) The special rate hereby levied shall be payable with effect from the year 1968 and shall become due and payable on the date of publication hereof in respect of the year 1968 and on the first day of January of each succeeding year during which it is in operation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Twenty-first day of February, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. F. NAUDÉ,
Acting State President.

By Order of the Acting State President-in-Council.

M. C. BOTHA.

File No. F53/1688/9.

No. 54, 1968.]

VRYSTELLING VAN 'N SKEMA VIR DIE REËLING VAN DIE PRODUKSIE EN BEMARKING VAN GRONDBONE, SONNEBLOMSAAD EN SOJABONE VAN DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 21 (1) (*a*) VAN DIE BEMARKINGSWET, 1937.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 21 (1) *bis* van die Bemarkingswet, 1937 (No. 26 van 1937), verklaar ek hierby dat artikel 21 (1) (*a*) van genoemde Wet nie van toepassing is nie ten opsigte van 'n skema met betrekking tot die reëling van die produksie en bemarking van grondbone, sonneblomsaad en sojabone.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Sewende dag van Maart Eenduisend Negehonderd Agt-en-sestig.

J. F. NAUDÉ,
Waarnemende Staatspresident.

Op las van die Waarnemende Staatspresident-in-rade.

D. C. H. UYS.

No. 54, 1968.]

EXEMPTION OF A SCHEME FOR REGULATING THE PRODUCTION AND MARKETING OF GROUNDNUTS, SUNFLOWER SEED AND SOYA-BEANS FROM THE PROVISONS OF SECTION 21 (1) (*a*) OF THE MARKETING ACT, 1937.

Under the powers vested in me by section 21 (1) *bis* of the Marketing Act, 1937 (No. 26 of 1937), I do hereby declare that section 21 (1) (*a*) of the said Act shall not apply in respect of a scheme relating to the production and marketing of groundnuts, sunflower seed and soya-beans.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Seventh day of March, One thousand Nine hundred and Sixty-eight.

J. F. NAUDÉ,
Acting State President.

By Order of the Acting State President-in-Council.

D. C. H. UYS.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

No. 357.] [15 Maart 1968.

INTREKKING VAN DIE VOORGESKREWE GEBIED VAN DIE AFDELINGSRAAD VAN DE AAR.

Ek, Barzillai Coetzee, Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -onderwys, verklaar hierby namens die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 9 *bis* (3) van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), en na oorlegpleging met die Afdelingsraad van De Aar dat met ingang van die eerste dag van die maand wat volg op dié waarin afkondiging hiervan geskied—

(*a*) die gebied onder die regsbevoegdheid van die genoemde Afdelingsraad nie langer geag word 'n voorgeskrewe gebied te wees nie;

(*b*) Goewermentskennisgewing No. 820 van 1965, ingetrek word.

B. COETZEE,
Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -onderwys.

C.39/7/1919.

No. 363.] [15 Maart 1968.

BEPALING VAN DIE GRENSE VAN DIE GEBIED VAN DIE KHOLWASTAM EN INSTELLING VAN DIE ISIBONELO ESIHLESTAMOWERHEID IN DIE DISTRIK POLELA.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens—

(1) artikel 5 (1) (*a*) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), die grense van die gebied van die Kholwastam te bepaal ooreenkomstig bygaande Bylae;

(2) artikel 2 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), ten opsigte van voornoemde stam onder kaptein Justice Duma, en ten opsigte van die gebied soos omskryf in voornoemde Bylae, 'n stam-owerheid in te stel wat bekend sal staan as die Isibonelo Esihlestamowerheid;

GOVERNMENT NOTICES.

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

No. 357.] [15 March 1968.

WITHDRAWAL OF THE PRESCRIBED AREA OF THE DIVISIONAL COUNCIL OF DE AAR.

I, Barzillai Coetzee, Deputy-Minister of Bantu Administration and Education, hereby declare on behalf of the Minister of Bantu Administration and Development under the powers vested in him by section 9 *bis* (3) of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), and after consultation with the Divisional Council of De Aar, that, with effect from the first day of the month following that in which publication hereof takes place—

(*a*) the area under the jurisdiction of the said Divisional Council shall no longer be deemed to be a prescribed area;

(*b*) Government Notice No. 820 of 1965 shall be rescinded.

B. COETZEE,
Deputy Minister of Bantu Administration and Education.

C.39/7/1919.

No. 363.] [15 March 1968.

DEFINITION OF THE BOUNDARIES OF THE AREA OF THE KHOLWA TRIBE AND ESTABLISHMENT OF THE ISIBONELO ESIHLE TRIBAL AUTHORITY IN THE POLELA DISTRICT.

The Acting State President has been pleased, in terms of—

(1) section 5 (1) (*a*) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), to define the boundaries of the area of the Kholwa Tribe in accordance with the accompanying Schedule;

(2) section 2 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), to establish a Tribal Authority in respect of the aforesaid Tribe under Chief Justice Duma and in respect of the area as defined in the aforesaid Schedule, to be known as the Isibonelo Esihle Tribal Authority;

(3) artikel 3 (1) van genoemde Wet op Bantoe-owerhede, 1951, te bepaal dat die stamowerheid, benewens die kaptein van genoemde stam, uit hoogstens 12 raadsmanne bestaan.

Lêer No. F53/1098/6.

BYLAE.

Die gebied van die Kholwastam in die distrik Polela bestaan uit—

Die Suid-Afrikaanse Bantoetrustplaas Onderverdeling 1 van die gekonsolideerde plaas S9 No. 7969 A.

No. 364.] [15 Maart 1968.

HERBEPALING VAN DIE GETAL RAADSMANNE VAN DIE MVUZANE BIYELASTAMOWERHEID IN DIE DISTRIK ESHOWE. — WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 1737 VAN 21 NOVEMBER 1958.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 3 (1) van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van Goewermentskennisgewing No. 1737 van 21 November 1958 ooreenkomstig bygaande Bylae.

F.53/1186/12.

BYLAE.

In paragraaf (3) vervang die woorde „ uit minstens sewe en hoogstens dertien raadsmanne moet bestaan " deur die woorde „ uit hoogstens vyf-en-dertig raadsmanne bestaan ".

No. 365.] [15 Maart 1968.

HERBEPALING VAN DIE GETAL RAADSMANNE VAN DIE RAMBUDASTAMOWERHEID, DISTRIK SIBASA.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 3 (1) van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van Goewermentskennisgewing No. 407 van 5 Maart 1954, ooreenkomstig bygaande Bylae.

F.53/1616/5.

BYLAE.

Vervang die woorde „ minstens ses en hoogstens twaalf " deur die woorde en syfers „ hoogstens 35 ".

No. 366.] [15 Maart 1968.

VERANDERING VAN DIE GRENSE VAN DIE GEBIED VAN DIE NKHENSANEGEMEENSKAPS-OWERHEID, DISTRIK SOUTPANSBERG.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 2 (3) van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951) en artikel 5 (1) (*a*) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van Goewermentskennisgewing No. 418 van 18 Maart 1966 ooreenkomstig bygaande Bylae.

F.53/1388/10.

(3) section 3 (1) of the Bantu Authorities Act, 1951, to determine that the Tribal Authority shall, in addition to the Chief of the said Tribe, consist of not more than 12 councillors.

File No. F53/1098/6.

SCHEDULE.

The area of the Kholwa Tribe in the Polela District consisting of—

The South African Bantu Trust Farm subdivision 1 of the consolidated farm S9 No. 7969 A.

No. 364.] [15 March 1968.

REDETERMINATION OF THE NUMBER OF COUNCILLORS OF THE MVUZANE BIYELA TRIBAL AUTHORITY IN THE ESHOWE DISTRICT.—AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE No. 1737, DATED 21 NOVEMBER 1958.

The Acting State President has been pleased, in terms of the powers vested in him by section 3 (1) of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), to approve the amendment of Government Notice No. 1737, dated 21 November 1958, in accordance with the accompanying Schedule.

F.53/1186/12.

SCHEDULE.

In paragraph (3) substitute for the words " of not less than seven and not more than thirteen " the words " of not more than thirty-five ".

No. 365.] [15 March 1968.

REDETERMINATION OF THE NUMBER OF COUNCILLORS OF THE RAMBUDA TRIBAL AUTHORITY, DISTRICT OF SIBASA.

The Acting State President has been pleased, in terms of the powers vested in him by section 3 (1) of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), to approve the amendment of Government Notice No. 407, dated 5 March 1954, in accordance with the accompanying Schedule.

F.53/1616/5.

SCHEDULE.

Substitute the words and numeral " not more than 35 " for the words " not less than six and not more than twelve ".

No. 366.] [15 March 1968.

MODIFICATION OF THE BOUNDARIES OF THE NKHESANE COMMUNITY AUTHORITY, DISTRICT OF SOUTPANSBERG.

The Acting State President has been pleased, in terms of the powers vested in him by section 2 (3) of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951) and section 5 (1) (*a*) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), to approve the amendment of Government Notice No. 418, dated 18 March 1966, in accordance with the accompanying Schedule.

F.53/1388/10.

BYLAE.

Vervang die Bylae in sy geheel deur die volgende:—

GEBIED VAN DIE NKHENSANEGEMEENSKAPS-OWERHEID IN DIE GEBIED LOUIS TRICHARDT, DISTRIK SOUTPANSBERG.

Die gebied in die distrik Soutpansberg soos volg begrens:—

Begin by die gemeenskaplike hoekbaken van die plase Rossbach 83 LT, Uitschot 84 LT, Syferfontein 85 LT en Rivierplaats 87 LT; daarvandaan in 'n noordoostelike rigting met die grense langs van die plase Rossbach 83 LT, Maschappe 82 LT, Zeekoegat 79 LT, Middelfontein 78 LT en Driefontein 77 LT tot by die noordelike baken van die plaas Driefontein 77 LT, sodat hulle in hierdie gebied ingesluit word; daarvandaan in 'n suidoostelike rigting met die grens van genoemde plaas Driefontein 77 LT langs tot by 'n punt 750 jaarts van die suidoostelike baken van genoemde plaas Driefontein 77 LT; daarvandaan in 'n suidwestelike rigting in 'n reguit lyn tot by 'n baken aan die noordelike oewer van die Klein-Letabarivier 332 jaarts stroom op van waar genoemde rivier die noordoostelike grens van die plaas Bushy Park 76 LT kruis; daarvandaan met die Klein-Letabarivier op tot waar dit die gemeenskaplike grenslyn van die plase Rivierplaats 87 LT en Groenkloof 86 LT kruis; daarvandaan met die gemeenskaplike grens langs van die plase Rivierplaats 87 LT en Groenkloof 86 LT tot by die beginpunt.

No. 367.] [15 Maart 1968.

HERBEPALING VAN DIE GETAL RAADSMANNE VAN DIE MHINGASTAMOWERHEID, DISTRIK SIBASA.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 3 (1) van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van Goewermentskennisgewing No. 409 van 5 Maart 1954 ooreenkomstig bygaande Bylae.

F53/1616/3.

BYLAE.

In paragraaf (3) vervang die woorde „minstens ses en hoogstens twaalf" deur die woorde „hoogstens twintig".

No. 368.] [15 Maart 1968.

HERBEPALING VAN DIE GETAL RAADSMANNE VAN DIE MAKUYASTAMOWERHEID, DISTRIK SIBASA.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 3 (1) van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van Goewermentskennisgewing No. 1450 van 16 Julie 1954 oor-ooreenkomstig bygaande Bylae.

F.53/1616/7.

BYLAE.

Vervang die woorde „hoofman" en „minstens 6 en hoogstens 12" deur die woorde „kaptein" en „hoogstens 20".

SCHEDULE.

Substitute the following for the whole of the Schedule:—

AREA OF THE NKHENSANE COMMUNITY AUTHORITY IN THE LOUIS TRICHARDT AREA, DISTRICT OF SOUTPANSBERG.

The area in the District of Soutpansberg bounded as follows:—

From the corner beacon common to the farms Rossbach 83 LT, Uitschot 84 LT, Syferfontein 85 LT and Rivierplaats 87 LT; thence in a north-easterly direction along the boundaries of the farms Rossbach 83 LT, Maschappe 82 LT, Zeekoegat 79 LT, Middelfontein 78 LT and Driefontein 77 LT to the northern beacon of the said farm Driefontein 77 LT, so as to include them in this area; thence in a south-easterly direction along the boundary of the said farm Driefontein 77 LT to a point 750 yards from the south-eastern beacon of the said farm Driefontein 77 LT; thence in a south-westerly direction in a straight line to a beacon on the northern bank of the Klein-Letaba River, 332 yards upstream from where the said river intersects the north-eastern boundary of the farm Bushy Park 76 LT; thence upstream with the Klein-Letaba River to the point where it intersects the boundary common to the farms Rivierplaats 87 LT and Groenkloof 86 LT; thence along the boundary common to the farms Rivierplaats 87 LT and Groenkloof 86 LT to the point of beginning.

No. 367.] [15 March 1968.

REDETERMINATION OF THE NUMBER OF COUNCILLORS OF THE MHINGA TRIBAL AUTHORITY, SIBASA DISTRICT.

The Acting State President has been pleased in terms of the powers vested in him by section 3 (1) of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), to approve the amendment of Government Notice No. 409 dated 5 March 1954 in accordance with the accompanying Schedule.

F.53/1616/3.

SCHEDULE.

In paragraph (3) substitute the words "not more than twenty" for the words "not less than six and not more than twelve".

No. 368.] [15 March 1968.

REDETERMINATION OF THE NUMBER OF COUNCILLORS OF THE MAKUYA TRIBAL AUTHORITY, DISTRICT OF SIBASA.

The Acting State President has been pleased, in terms of the powers vested in him by section 3 (1) of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), to approve the amendment of Government Notice No. 1450, dated 16 July 1954, in accordance with the accompanying Schedule.

F.53/1616/7.

SCHEDULE.

Substitute the words "headman" and "not more than 20" for the words "Chief" and "not less than 6 and not more than 12".

No. 369.] [15 Maart 1968.

INSTELLING VAN DIE LEKGOTLA LA BAREKI-GEMEENSKAPSOWERHEID IN DIE DISTRIK GROBLERSDAL.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens—

(1) artikel 2 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), soos gewysig, 'n gemeenskaps-owerheid, wat bekend sal staan as die Lekgotla la barekigemeenskapsowerheid, in te stel vir die Bantoe-gemeenskap ten opsigte van die Bantoegebied aan hom toegewys, soos omskryf in bygaande Bylae; en

(2) artikel 3 (1) (*b*) van genoemde Wet op Bantoe-owerhede, 1951, te bepaal dat die Lekgotla la barekigemeenskapsowerheid, benewens die voorsitter van genoemde gemeenskapsowerheid, uit hoogstens 7 raadsmanne moet bestaan. F.53/1236/9.

BYLAE.

GEBIED VAN DIE LEKGOTLA LA BAREKI-GEMEENSKAPSOWERHEID IN DIE DISTRIK GROBLERSDAL.

Die gebied in die distrik Groblersdal, bestaande uit—

(1) die plaas Witfontein 1 JS;

(2) die perseelgedeelte van die plaas Toitskraal 6 JS; en

(3) die perseelgedeelte van die plaas Klipsyfering 2 JS.

No. 370.] [15 Maart 1968.

VERANDERING VAN DIE GRENSE VAN DIE GEBIED VAN DIE BA GA MALETE- BA GA MOKGÔBJWASTAMOWERHEID EN DIE BA HURUTSHE BA GA SUPINGSTAMOWERHEID IN DIE DISTRIK MARICO.—WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 1587 VAN 31 OKTOBER 1958.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 2 (3) van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), en artikel 5 (1) (*a*) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van Goewermentskennisgewing No. 1587 van 31 Oktober 1958 ooreenkomstig bygaande Bylae.

F.53/1791/4.
F.53/1791/5.

BYLAE.

1. In paragraaf (1) van Bylae A skrap subparagrawe (iv), (v) en (vi) en voeg na subparagraaf (iii) die volgende subparagraaf in: —

" (iv) die Trustplase Schoonlaagte 4 KO en Alewynskop 3 KO."

2. In paragraaf (2) van Bylae A skrap subparagrawe (v) en (vi) en voeg na subparagraaf (iv) die volgende subparagraaf in: —

" (v) die Trustplase Wildebeeskop 2 KO en Schuinsdam 1 KO."

No. 369.] [15 March 1968.

ESTABLISHMENT OF THE LEKGOTLA LA BAREKI COMMUNITY AUTHORITY IN THE DISTRICT OF GROBLERSDAL.

The Acting State President has been pleased, in terms of—

(1) section 2 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), as amended, to establish a community authority, to be known as the Lekgotla la bareki Community Authority, for the Bantu community in respect of the Bantu area assigned to it as described in the accompanying Schedule; and

(2) section 3 (1) (*b*) of the said Bantu Authorities Act, 1951, to determine that the Lekgotla la bareki Community Authority shall, in addition to the chairman of the said Community Authority, consist of not more than 7 councillors. F.53/1236/9.

SCHEDULE.

AREA OF LEKGOTLA LA BAREKI COMMUNITY IN THE GROBLERSDAL DISTRICT.

The area in the Groblersdal District consisting of—

(1) the farm Witfontein 1 JS;

(2) the plot portion of the farm Toitskraal 6 JS; and

(3) the plot portion of the farm Klipsyfering 2 JS.

No. 370.] [15 March 1968.

MODIFICATION OF THE BOUNDARIES OF THE AREA OF THE BA GA MALETE- BA GA MOKGÔBJWA TRIBAL AUTHORITY AND THE BA HURUTSHE BA GA SUPING TRIBAL AUTHORITY IN THE MARICO DISTRICT.—AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE No. 1587, DATED 31 OCTOBER 1958.

The Acting State President has been pleased, in terms of the powers vested in him by section 2 (3) of the Bantu Autorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), and section 5 (1) (*a*) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), to approve the amendment of Government Notice No. 1587, dated 31 October 1958, in accordance with the accompanying Schedule.

F.53/1791/4.
F.53/1791/5.

SCHEDULE.

1. In paragraph (1) of Schedule A delete subparagraphs (iv), (v) and (vi) and insert the following subparagraph after subparagraph (iii): —

" (iv) the Trust farms Schoonlaagte 4 KO and Alwynskop 3 KO."

2. In paragraph (2) of Schedule A delete subparagraphs (v) and (vi) and insert the following subparagraph after subparagraph (iv): —

„ (v) the Trust farms Wildebeestkop 2 KO and Schuinsdam 1 KO."

No. 371.] [15 Maart 1968.

VERANDERING VAN DIE GRENSE VAN DIE GEBIED VAN DIE KWENXURASTAMOWERHEID IN DIE DISTRIK OOS-LONDEN.—WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 1234 VAN 16 AUGUSTUS 1957.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 2 (3) van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), en artikel 5 (1) (*a*) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van Goewermentskennisgewing No. 1234 van 16 Augustus 1957 ooreenkomstig bygaande Bylae.

F.53/1489/2.

BYLAE.

In paragraaf (4) van Bylae A voeg na die woorde en syfers „Oopgestelde Gebied 36" die woorde en syfers „en Persele 1, 2, 8, 9, 11, 12, 14 en Perseel 13 (uitgesonderd Gedeelte 1 van Perseel 13)" in.

No. 372.] [15 Maart 1968.

HERBEPALING VAN DIE GETAL RAADSMANNE EN VERANDERING VAN DIE GRENSE VAN DIE GEBIED VAN DIE BAHURUTSHE BA GA MOILOA KWA DINOKANASTAMOWERHEID IN DIE DISTRIK MARICO.—WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 1591 VAN 31 OKTOBER 1958.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens artikels 2 (3) en 3 (1) van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), en artikel 5 (1) (*a*) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), sy goedkeuring te heg aan die wysiging van Goewermentskennisgewing No. 1591 van 31 Oktober 1958 ooreenkomstig bygaande Bylae.

F.53/1791/6.

BYLAE.

1. In paragraaf 3 vervang die woorde „uit minstens 10 en hoogstens 16 raadsmanne moet bestaan" deur die woorde „uit hoogstens 23 raadsmanne bestaan".

2. In die bylae voeg na die woorde, syfers en letters „Die Dam van Metsugo 54" die volgende woorde, syfers en letters in:—

„Die restant en Gedeeltes B en C van die Trustplaas Buispoort 22 JO, Trustplase Driefontein 7 JO, Driehoek 5 JO, Rietpan 6 JO, Kalkpan 3 JO (minus 1,000 morg van die plaas Kalkpan 3 JO wat as 'Teelskema' bekend staan), en Klipfontein 9 JO."

No. 373.] [15 Maart 1968.

ONTBINDING VAN DIE KAMEELBOOMSTAMOWERHEID EN INSTELLING VAN DIE KAMEELBOOMGEMEENSKAPSOWERHEID IN DIE GEBIED PILANESBERG, DISTRIK RUSTENBURG.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens—

(1) artikel 2 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), 'n Bantoegemeenskapsowerheid in te stel vir die gemeenskap woonagtig in die gebied soos omskryf in bygaande Bylae;

(2) artikel 3 (1) van genoemde Wet op Bantoe-owerhede, 1951, te bepaal dat die gemenskapsowerheid benewens die voorsitter, uit hoogstens 15 raadsmanne bestaan;

No. 371.] [15 March 1968.

MODIFICATION OF THE BOUNDARIES OF THE AREA OF THE KWENXURA TRIAL AUTHORITY IN THE EAST LONDON DISTRICT.—AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE No. 1234, DATED 16 AUGUST 1957.

The Acting State President has been pleased in terms of the powers vested in him by section 2 (3) of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), and section 5 (1) (*a*) of the Bantu Administration Act (Act No. 38 of 1927), to approve the amendment of Government Notice No. 1234, dated 16 August 1957, in accordance with the accompanying Schedule. F.53/1489/2.

SCHEDULE.

In paragraph (4) of Schedule A insert after the words and numerals "Released Area 36" the words and numerals "and Lots 1, 2, 8, 9, 11, 12, 14 and Lot 13 (excluding Portion 1 of Lot 13)".

No. 372.] [15 March 1968.

REDETERMINATION OF THE NUMBER OF COUNCILLORS AND MODIFICATION OF THE BOUNDARIES OF THE AREA OF THE BAHURUTSHE BA GA MOILOA KWA DINOKANA TRIBAL AUTHORITY IN THE MARICO DISTRICT.—AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE No. 1591 OF 31 OCTOBER 1958.

The Acting State President has been pleased, in terms of sections 2 (3) and 3 (1) of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), and section 5 (1) (*a*) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), to approve the amendment of Government Notice No. 1591 of 31 October 1958, in accordance with the accompanying Schedule. F.53/1791/6.

SCHEDULE.

1. In paragraph 3 substitute for the words "of not less than 10 and not more than 16 councillors" the words "of not more than 23 councillors".

2. In the Schedule insert after the words, numerals and letters "Die Dam van Metsugo 54" the following words, numerals and letters:—

"The remaining portion and Portions B and C of the Trust Farm Buispoort 22 JO, Trust Farms Driefontein 7 JO, Driehoek 5 JO, Rietpan 6 JO, Kalkpan 3 JO (minus 1,000 morgen of the farm Kalkpan 3 JO, known as the 'Teelskema'), and Klipfontein 9 JO."

No. 373.] [15 March 1968.

DISESTABLISHMENT OF THE KAMEELBOOM TRIBAL AUTHORITY AND ESTABLISHMENT OF THE KAMEELBOOM COMMUNITY AUTHORITY IN THE PILANESBERG AREA, RUSTENBURG DISTRICT.

The Acting State President has been pleased, in terms of—

(1) section 2 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), to establish a community authority in respect of the community resident in the area as defined in the accompanying Schedule;

(2) section 3 (1) of the said Bantu Authorities Act, 1951, to determine that the Community Authority shall, in addition to the chairman, consist of not more than 15 councillors.

Goewermentskennisgewing No. 1484 van 9 Oktober 1956, word hierby ingetrek.

BYLAE.

GEBIED VAN DIE KAMEELBOOMGEMEENSKAPS-OWERHEID ONDER HOOFMAN L. MOATSHE IN DIE GEBIED PILANESBERG, DISTRIK RUSTENBURG.

Die plaas Kameelboom 284 KP en Gedeelte A van die plaas Welgewaagd 133 JP.

No. 374.] [15 Maart 1968

BEPALING VAN DIE GRENSE VAN DIE GEBIED VAN DIE VENDASTAM ONDER WAARNEMENDE KAPTEIN JOSEPH KUTAMA EN INSTELLING VAN DIE KUTAMASTAMOWERHEID IN DIE DISTRIK SOUTPANSBERG.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens—

(1) artikel 5 (1) (*a*) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), die grense van die gebied van die Vendastam te bepaal ooreenkomstig bygaande Bylae;

(2) artikel 2 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), ten opsigte van voornoemde stam onder waarnemende kaptein Joseph Kutama, en ten opsigte van die gebied soos omskryf in voornoemde Bylae, 'n stamowerheid in te stel wat bekend sal staan as die Kutamastamowerheid;

(3) artikel 3 (1) van genoemde Wet op Bantoe-owerhede, 1951, te bepaal dat die stamowerheid, benewens die kaptein van genoemde stam, uit hoogstens 18 raadsmanne bestaan.

F53/1388/2.

BYLAE.

Gebied van die Vendastam onder waarnemende kaptein Joseph Kutama en die Kutamastamowerheid—die gebied in die distrik Soutpansberg bestaande uit:—

Kutama se lokasie 225 LS.

Die stamplaasgedeelte van Norfolk 295 LS.

Die Trustplase—Zamekomst 223 LS en Gedeelte 1 van die plaas Capesthorne 223 LS.

No. 375.] [15 Maart 1968.

BEPALING VAN DIE GRENSE VAN DIE GEBIED VAN DIE VENDASTAM ONDER WAARNEMENDE KAPTEIN JONATHAN SINTHUMULE EN INSTELLING VAN DIE SINTHUMULESTAMOWERHEID IN DIE DISTRIKTE SOUTPANSBERG EN SIBASA.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens—

(1) artikel 5 (1) (*a*) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), die grense van die gebied van die Vendastam te bepaal ooreenkomstig bygaande Bylae;

(2) artikel 2 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), ten opsigte van voornoemde stam onder waarnemende kaptein Jonathan Sinthumule, en ten opsigte van die gebied soos omskryf in voornoemde Bylae, 'n stamowerheid in te stel wat bekend sal staan as die Sinthumulestamowerheid;

(3) artikel 3 (1) van genoemde Wet op Bantoe-owerhede, 1951, te bepaal dat die stamowerheid, benewens die kaptein van genoemde stam, uit hoogstens 21 raadsmanne moet bestaan.

Lêer No. F.53/1388/3.

Government Notice No. 1484 dated 9 October 1958, is hereby withdrawn.

SCHEDULE.

AREA OF THE KAMEELBOOM COMMUNITY AUTHORITY UNDER HEADMAN L. MOATSHE IN THE PILANESBERG AREA, RUSTENBURG DISTRICT.

The farm Kameelboom 284 KP and Portion A of the farm Welgewaagd 133 JP.

No. 374.] [15 March 1968.

DEFINITION OF THE BOUNDARIES OF THE AREA OF THE VENDA UNDER ACTING CHIEF JOSEPH KUTAMA AND ESTABLISHMENT OF THE KUTAMA TRIBAL AUTHORITY IN THE SOUTPANSBERG DISTRICT.

The Acting State President has been pleased, in terms of—

(1) section 5 (1) (*a*) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), to define the boundaries of the area of the Venda Tribe in accordance with the accompanying Schedule;

(2) section 2 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), to establish a tribal authority in respect of the aforesaid Tribe under Acting Chief Joseph Kutama and in respect of the area as defined in the aforesaid Schedule, to be known as the Kutama Tribal Authority;

(3) section 3 (1) of the said Bantu Authorities Act, 1951, to determine that the Tribal Authority shall, in addition to the Chief of the said Tribe, consist of not more than 18 councillors.

F53/1388/2.

SCHEDULE.

Area of the Venda Tribe under Acting Chief Joseph Kutama and the Kutama Tribal Authority—the area in the Soutpansberg District consisting of:—

Kutama's Location 225 LS.

The tribal farm portion of Norfolk 295 LS.

The Trust farms—Zamekomst 223 LS and Portion 1 of the farm Capesthorn 233 LS.

No. 375.] [15 March 1968.

DEFINITION OF THE BOUNDARIES OF THE AREA OF THE VENDA TRIBE UNDER ACTING CHIEF JONATHAN SINTHUMULE AND ESTABLISHMENT OF THE SINTHUMULE TRIBAL AUTHORITY IN THE SOUTPANSBERG AND SIBASA DISTRICTS.

The Acting State President has been pleased in terms of—

(1) section 5 (1) (*a*) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), to define the boundaries of the area of the Venda Tribe in accordance with the accompanying Schedule;

(2) section 2 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), to establish a tribal authority in respect of the aforesaid Tribe under Acting Chief Jonathan Sinthumule and in respect of the area as defined in the aforesaid Schedule, to be known as the Sinthumule Tribal Authority;

(3) section 3 (1) of the said Bantu Authorities Act, 1951, to determine that the Tribal Authority shall, in addition to the Chief of the said Tribe, consist of not more than 21 councillors.

File No. F.53/1388/3.

BYLAE.

Gebied van die Vendastam onder waarnemende kaptein Jonathan Sinthumule en die Sinthumulestamowerheid. Die gebied in die distrikte Soutpansberg en Sibasa bestaande uit:—

Lokasie.—Sinthumule as Lokasie 291 LS.
Stamplaas.—Nieuw England 60 LT.
Trustplaas.—Joubertstroom 246 MT.

No. 376.] [15 Maart 1968.

BEPALING VAN DIE GRENSE VAN DIE GEBIED VAN DIE VENDASTAM ONDER KAPTEIN PATRICK R. MPHEPHU EN INSTELLING VAN DIE MPHEPHUSTAMOWERHEID, IN DIE DISTRIKTE SOUTPANSBERG EN SIBASA.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens—

(1) artikel 5 (1) (*a*) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), die grense van die gebied van die Vendastam te bepaal ooreenkomstig bygaande Bylae;

(2) artikel 2 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), ten opsigte van voornoemde stam onder kaptein Patrick R. Mhephu, en ten opsigte van die gebied soos omskryf in voornoemde Bylae, 'n stamowerheid in te stel wat bekend sal staan as die Mphephustamowerheid;

(3) artikel 3 (1) van genoemde Wet op Bantoe-owerhede, 1951, te bepaal dat die stamowerheid, benewens die kaptein van genoemde stam, uit hoogstens 35 raadsmanne moet bestaan.

Goewermentskennisgewing No. 312 van 1 Maart 1957, word hierby herroep.

F.53/1388/1.

BYLAE.

Gebied van die Vendastam onder kaptein Patrick R. Mphephu en die Mphephustamowerheid; die gebied in die distrikte Soutpansberg en Sibasa, bestaande uit die volgende plase en lokasies: —

Lokasies.—Mpefu se Lokasie 202 MT en Msekwa se Lokasie 194 MT.

Stamplase.—Sendedzane 200 MT en gedeelte van Seville 250 MT.

Trustplase.—Afton 171 MT, Baobab 210 MT, Beaconsfield 212 MT, Bergplaats 245 MT, Bloemfontein 223 MT, Cadiz 248 MT, Chewas 215 MT, Cliffside 225 MT, Cordon 218 MT, Deepkloof 211 MT, Doornhoek 203 MT, Drylands 718 MS, Dwarsspruit 247 MT, Fripp 645 MS, Garside 164 MT, Gray 189 MT, Greystone 222 MT, Keerweder 169 MT, Kilimanjaro 192 MT, Kondoa 191 MT, Mapela 209 MT, Mapani 717 MS, M'Psema 219 MT, Natalie 170 MT, Nicholson 165 MT, Njelelepoort 193 MT, Paradise 724 MS, Serolle 204 MT, Setooni 208 MT, gedeelte van Seville 250 MT, Smokey 163 MT, Stoney Edge 220 MT, Strathaird 173 MT, Telema 190 MT, Thiel 168 MT en Van Graan 167 MT.

SCHEDULE.

Area of the Venda Tribe under Acting Chief Jonathan Sinthumule and the Sinthumule Tribal Authority. The area in the Soutpansberg and Sibasa Districts consisting of—

Location.—Sinthumule's Location 291 LS.
Tribal Farm.—Nieuw England 60 LT.
Trust Farm.—Joubertstroom 246 MT.

No. 376.] [15 March 1968.

DEFINITION OF THE BOUNDARIES OF THE AREA OF THE VENDA TRIBE UNDER CHIEF PATRICK R. MPHEPHU AND ESTABLISHMENT OF THE MPHEPHU TRIBAL AUTHORITY IN THE SOUTPANSBERG AND SIBASA DISTRICTS.

The Acting State President has been pleased, in terms of—

(1) section 5 (1) (*a*) of the Bantu Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927), to define the boundaries of the area of the Venda Tribe in accordance with the accompanying Schedule;

(2) section 2 of the Bantu Authorities Act, 1951 (Act No. 68 of 1951), to establish a tribal authority in respect of the aforesaid Tribe under Chief Patrick R. Mphephu and in respect of the area as defined in the aforesaid Schedule, to be known as the Mphephu Tribal Authority;

(3) section 3 (1) of the Bantu Authorities Act, 1951, to determine that the Tribal Authority shall, in addition to the Chief of the said Tribe, consist of not more than 35 councillors.

Government Notice No. 312, dated 1 March 1957, is hereby repealed.

F.53/1388/1.

SCHEDULE.

Area of the Venda Tribe under Chief Patrick R. Mphephu and the Mphephu Tribal Authority: the area in the Soutpansberg and Sibasa Districts consisting of the following farms and locations: —

Locations.—Mpefu's Location 202 MT and Msekwa's Location 194 MT;

Tribal Farms.—Sandedzane 200 MT and a part of Seville 250 MT.

Trust Farms.—Afton 171 MT; Baobab 210 MT; Beacons field 212 MT; Bergplaats 245 MT; Bloemfontein 223 MT; Cadiz 248 MT; Chewas 215 MT; Cliffside 225 MT; Cordon 218 MT; Deepkloof 211 MT; Doornhoek 203 MT; Drylands 718 MS; Dwarsspruit 247 MT; Fripp 645 MS; Garside 164 MT; Gray 189 MT; Greystone 222 MT; Keerweder 169 MT; Kilimanjaro 192 MT; Kondoa 191 MT; Mapela 209 MT; Mapani 717 MS; M'Psema 219 MT; Natalie 170 MT; Nicholson 165 MT; Njelelepoort 193 MT; Paradise 724 MS; Serolle 204 MT; Setooni 208 MT; Portion of Seville 250 MT; Smokey 163 MT; Stoney Edge 220 MT; Strathaird 173 MT; Telema 190 MT; Thiel 168 MT van Van Graan 167 MT.

No. 377.] [15 Maart 1968.

BEPALING VAN DIE GRENSE VAN DIE GEBIED VAN DIE EMBOSTAM EN INSTELLING VAN DIE EMBOSTAMOWERHEID IN DIE DISTRIKTE MAPUMULO EN UMVOTI.

Dit het die Waarnemende Staatspresident behaag om kragtens—

(1) artikel 5 (1) (*a*) van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), die grense van die gebied van die Embostam te bepaal ooreenkomstig bygaande Bylae;

(2) artikel 2 van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), ten opsigte van voornoemde stam onder waarnemende kaptein B. Ntuli en ten opsigte van die gebied soos omskryf in voornoemde Bylae, 'n stamowerheid in te stel wat bekend sal staan as die Embostamowerheid;

(3) artikel 3 (1) van genoemde Wet op Bantoe-owerhede, 1951, te bepaal dat die stamowerheid, benewens die kaptein van genoemde stam, uit hoogstens 6 raadsmanne bestaan. F.53/1407/12.

BYLAE.

OMSKRYWING VAN DIE GRENSE VAN DIE GEBIED VAN DIE EMBOSTAM EN DIE EMBO-STAMOWERHEID, DISTRIKTE MAPUMULO EN UMVOTI.

Begin by baken EM1 aan die noordelike oewer van die Umvotirivier en by die samevloeiing van die Umvotirivier en die Indlumyanaspruit; daarvandaan met die Indlumyanaspruit op tot waar dit aansluit by 'n naamlose droë loop wat ontspring vanaf die Isitunduberg; daarvandaan deur baken EM2 nog steeds met die Indlumyanaspruit op tot by sy oorsprong en baken EM3; daarvandaan in 'n oostelike rigting met 'n rif langs, deur baken EM4 tot by die oorsprong van die Nyambasespruit en baken EM5; daarvandaan met die Nyambasespruit af tot by sy samevloeiing met die Hlimbithwarivier en baken EM6; daarvandaan met die Hlibithwarivier op tot by sy samevloeiing met die Inolospruit; daarvandaan met die Inolospruit op tot by sy oorsprong; daarvandaan in 'n oostelike rigting deur baken E/MA8 op die Mapumulo-Greytown-distrikgrens; daarvandaan met hierdie grens langs deur baken E/MA7 tot by baken E/MA6; daarvandaan in 'n noordoostelike rigting na die oorsprong van die Sidongakloof naby die Sokulo-pad en baken E/MA5; daarvandaan met die Sokulo-pad langs in 'n oostelike rigting deur baken E/MA4 naby die Mahlokomaneskool tot by baken E/MA3 naby die oorsprong van 'n droë loop, genoem Tenini; daarvandaan steeds in 'n oostelike rigting met die Sokulo-pad langs tot by baken E/MA2; daarvandaan in 'n oostelike rigting in 'n reguit lyn tot by baken E/MA1, geleë regoor die oorsprong van die Mpikizwanekloof (so genoem omdat daar 'n geskil ontstaan het); daarvandaan in 'n oostelike rigting oor 'n hoë krans op die Isitunduberg en steeds in 'n oostelike rigting met die noordekant van die Isitunduplato langs tot by baken EMN naby 'n Isipambatoboom (driehoeksmetingbaken van die Embo-, Ngcolosi- en Makhabeleni-stamgrense); daarvandaan in 'n suidelike rigting tot by die oorsprong van die Somtobasespruit op die Isitunduplato en baken EN3; daarvandaan met hierdie spruit af teen die Isitunduberg deur baken EN2 en nog steeds met die Somtobasespruit of tot by sy samevloeiing met die Umvotirivier en baken EN1; daarvandaan met die Umvotirivier op tot by sy aansluiting met 'n droë loop, genoem Vuma, aan die suidelike oewer van die Umvotirivier en baken NE1;

No. 377.] [15 March 1968.

DEFINITION OF THE BOUNDARIES OF THE AREA OF THE EMBO TRIBE AND ESTABLISHMENT OF THE EMBO TRIBAL AUTHORITY IN THE DISTRICTS OF MAPUMULO AND UMVOTI.

